VOETSLAANKLUB STELLENBOSCH

INLIGTING & STAPPROGRAM - JANUARIE 2019

1. Algemeen

1.1 Voetslaanklub webwerf: www.stb-voetslaan.co.za
'Facebook': https://www.facebook.com/stellenboschvoetslaanklub

1.2 Bestuur 2018/2019

Voorsitter	Kosie Smit	087 897 0749	073 537 8809	jhs@sun.ac.za
Ondervoorsitter	Marthie Swiegers		082 733 2748	marthie.swiegers@outlook.com
Sekretaresse	Annerè van Pletsen	021 888 9276	072 245 1417	annere@cpcqualicare.co.za
Tesourier	Klaus von Pressentin	021 887 2783	082 689 8102	klausvp51@gmail.com
Addisionele lid	Mina Redelinghuys		083 225 8188	mina.redelinghuys@gmail.com
Addisionele lid	Frederik Stapelberg		084 490 7960	fstapelberg@geoscience.org.za
Webwerf	Delene Pretorius		084 654 3888	dp2@sun.ac.za

1.3 Uitstappies: Gee kennis van voorneme om saam te stap

Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet asseblief die stapleier op die laatste die Donderdag- of Vrydagaand vóór die stap daarvan in kennis stel. **(verskaf ásb.'n telefoonnommer indien jy 'n e-pos stuur, dankie)**

1.4 Betalings

- **As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.**
- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening (Naam: Voetslaanklub Stellenbosch, Bank: Nedbank Stb, Takkode: 107 110, Rek #: 200 540 2354, Tipe: Spaarrekening) gedoen word. **Stuur asseblief 'n bewys van énige betaling aan die tesourier, Klaus, by: klausvp51@gmail.com met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.**
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir petrol- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. **Plekke kan dus nie vir 'n stap gereserveer word vir lede wat nie betaal het voor of op die sperdatum nie.**

1.5 Ledegeld

Ledegeld vir 2019 is **R130.00** per persoon vir die jaar.

1.6 Saamryfooi

Die saamryfooi is **R1.00 per persoon per km**. Bestuurders van motors tydens naweek- en vyfdag-stappe kan by berekening van kostes 'n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

1.7 Nuwe lede

Ons verwelkom graag **Lauren Clapham (Stb), Mari-Louise du Plessis (Stb), Aretha du Rand (Paarl) & Marné Bester (Somerset-Wes)** wat by die klub aangesluit het. Mag jul die natuur saam met ons geniet & ook wonderlike vriendskappe smee.

[Belangstellendes moet verkieslik éérs 3 stappe saam met klub stap (bloot om hulself te vergewis met die groep en of húl gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens.) Daarná kan hul aansoek doen om aan te sluit]

1.8 Die volgende Bestuursvergadering

- Gee kennis aan een van die bestuurslede as jy 'n saak op die agenda geplaas wil hê.

1.9 Noodnommers (Bergredding) / Nuttige Kontaknommers:

- WSAR (Wildernis Search & Rescue): 021 937 0300
- Metro Ambulance: 10177
- Cape Nature: 021 483 0190 / 0861 2273 628873 (Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer)
- Nasionale sellulêre noodnommer:112
- **Nuwe 24-uur noodnommer vir Gifsentrum (slangbyte, ens.) 0861 555 777**

2. Inligting ten opsigte van al die daguitstappies

Vertrekpunt — By die parkeerarea voor die Visuele Kunstegebou, Victoriastraat, Stellenbosch (regoor die Endler) **Tensy ánders vermeld op die program!**

Aanmeldtyd — **NB:** Sien program asseblief.

Klere — Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere (trui of baadjie), saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.

Noodhulp — Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens te verskaf nie. **NB: Onthou veral medikasie teen allergieë (bv bysteek, hooikoors, ens.)** Die telefoonnommer van 'n naasbestaande (wat nié die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.

Kos, ens — Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed vir teetyd en middagete, asook voldoende drinkwater (minimum 2 liter).

Donasie — Besoekers: **R30.00**

Vervoer — Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word 'n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program).

Indien ander reëlings getref word, sal dit onder die spesifieke stap genoem word.

Gradering van die moeilikheidsgraad van stappe

1	Maklike stap	A	Geen blootstelling aan hoogtes
2	Matig maar vermoeiend	B	Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om 'n kort leer te klim nie
3	Veeleisende oefening	C	Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie
4	Net vir die fikses	D	Baie blootgestel aan hoogtes

Bogenoemde kan in kombinasie die moeilikheidsgraad van 'n stap aandui, bv 2A, 3B of 2D

Permitstappe Wanneer 'n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net 'n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit **noodsaaklik dat jy ten minste 'n week vooraf met die aangeduide stapleier moet skakel** om seker te maak dat daar vir jou plek is op die stap (tensy 'n vroeër datum op die program verskyn).

Wanneer 'n persoon plek op 'n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.

2.1 Gedragskode vir stappers

Dag-, naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**
- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap sal 'n addisionele stapleier aangewys word wat agter stap.

- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd 'n persoon se toerusting nagaan. 'n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heeltyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem 'n plastieksakkie saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle, ens. uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies voordat gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat 'n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor mede-stappers op.
- Voetslaan is 'n voorreg: Moet dit nie misbruik nie.

2.2 Addisionele regulasies ten opsigte van naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**
- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan stapsakke voor 'n stap weeg en 'n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet 'n volgelaaide sak nooit meer as 'n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep 'n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afgedwaal het nie.

3. Belangrike kennisgewing i.v.m. 'Wild Cards'

- Daar is heelwat stappe waar die stap en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien 'n lid oor 'n 'Wild Card' beskik. Doen sommer vandag aansoek vir jou kaart: www.sanparks.org/wild/
- **BAIE BELANGRIK: Dit is die verantwoordelikheid van elke klublid om te sorg dat hul 'Wild Card' geldig is VOORDAT hulle vir 'n stap bespreek waarvoor 'Wild Card'-nommers benodig word. Indien 'n persoon se 'Wildcard' nié opbetaal is nie, het die stapleier nié 'n ander keuse as om die volle fooi van die klublid te verhaal nie.**

4. Algemene Jaarvergadering: Saterdag 23 Februarie 2019

'n Afsonderlike kennisgewing sal aan lede versprei word sodra die finale reëlings getref is.

5. Naweek- en langer stappe KLUBLEDE KRY VOORKEUR

5.1 21 – 24 Maart 2019: Tuinroete Stappe.

Navrae en besprekings by Delene Pretorius: 084 654 3888 (saans) óf e-pos dp2@sun.ac.za

Tuinroete-stappe:

- Brenton-on-Sea na Buffelsbaai en terug strandlangs (stap en swem)
- Knysna bosstap
- Robberg by Plettenbergbaai

Op watter dae en hoe laat die stappe gaan plaasvind hang af van die getye en die weer en sal nader aan die tyd vasgestel word en aan almal wat bespreek het gekommunikeer word.

Ons bly in Brenton-on-Sea in 'n huis met die naam Meetsnoere. Daar is 5 slaapkamers, 1 en 'n halwe kombuis, 3 badkamers en 'n buitebraai. Elke slaapkamer het slaapplek vir 2 persone - dus kan 10 persone geakkommodeer word. Koste is R200/persoon per dag. Dit is R600 vir 3 nagte. Beddegoed en badkamerhanddoek is ingesluit.

Addisionele kostes is moontlike etes by die Butterfly Blu Restaurant en/of die Buffelsbaai restaurant. Die ander aande kan daar gebraai word.

Besprekings open op 18 Januarie en betalings moet vóór of op 22 Februarie gedoen word.

5.2 Naweek 5 – 7 April 2019. Zoo Ridge (Suidelike Sederberge)

Bespreek by Mina Redelinghuys: 083 225 8188 (saans) óf e-pos mina.redelinghuys@gmail.com

Aantal:	10 persone
Stap- & Oornagkostes	± R380 per persoon vir die naweek **(Finale bedrag word bepaal deur die aantal stappers wat meedoen)**
Ryafstand	200 km x 2
Bydrae tot brandstof koste	R400.00
Stapafstande	Wisselend (2A)

Ons vertrek Vrydag vanaf Stellenbosch na Zoo Ridge in die suidelike Serderberge waar ons die naweek in 'n huis op die plaas Zonderwater gaan bly. Volledig toegeruste kombuis, beddens met beddegoed, warm stort & handdoeke word voorsien. Bring swemklere om in die poele en swembad te swem en bring hout en roosters vir dié wat wil braai in die lapa. Ons sal Saterdag vroegoggend vertrek en ry na die beginpunt waar ons die rotsformasies en die Boesmantekeninge gaan verken. Ons sal ook stap na die uitkykpunt oor die Rietrivier se canyon. Dis die 2de grootste canyon in Suid-Afrika. Sondagoggend gaan ons weer 'n ander roete stap waar ons die boog gaan sien en verskeie ander mooi rotsformasies en nog meer Boesmantekeninge. Hierdie roete is baie onbekend en slégs die groep wat die huis bespreek, mag op die plaas stap. Geen dagbesoekers word toegelaat nie.

Navrae en besprekings: Mina Redelinghuys: 083 225 8188 (saans) óf e-pos mina.redelinghuys@gmail.com
Besprekings open op 1 Februarie en betalings moet vóór of op 1 Maart gedoen word.

5.3 Paasnaweek 19 – 21 April 2019. Sentrale Sederberge: Stadsaalgrotte, Truitjieskraal, Maltese Kruis, Lot se Vrou & Vensterklippe, Cederberg Kelder & moontlik Wolfbergboog vanaf Driehoek (Ongelukkig is die Wolfbergskeure nog toe weens 2016 se verwoestende brande in die area)

Stapleier: Jaap van Wyk
Navrae en besprekings: Annerè van Pletsen: 072 245 1417 / annere@cpcqualicare.co.za

Aantal	12 persone **(meer, indien daar nog belangstelling is)**
Stap- en oornagkoste	R500 (2 x staanplekke te Kromrivier: vir 4 nagte te bespreek @ R125 p/p per nag) Permitstappe: (**Wildcard-houers = GRATIS)** Maltese Kruis = R70 Stadsaalgrotte = R50, Truitjieskraal = R50, Lot se Vrou = Gratis
Ryafstand Bydrae tot brandstofkoste:	± 528 km in totaal [Kromrivier via Ceres = 231 km x 2 / Kromrivier via Citrusdal = 248 km x 2 Afstande tussen plaas & besienswaardighede vir naweek = ± 66km] ± R1,056 (sien ook punt 1.6 op bl. 1 van die program)
Gradering	Maltese Kruis: 2B, Lot se Vrou & Vensterklippe: 1A Wolfbergboog: 2B Stadsaalgrotte, Truitjieskraal & Dwarsrivierkelders = Besigtigingstoere

Bespreking is gemaak vanaf Do'middag 18/04 – 10:00 Maandagoggend 22/04 (verpligtend om vir 4 nagte te boek oor 'n Paasnaweek!) Mense wat nie omgee vir die Paasverkeer nie & nie werksverpligtinge het nie, kan dus reeds Donderdagmiddag vanaf 14:00 'inboek'. Die res v/d geselskap sal Vrydagoggend vroeg vertrek.
4 mense per staanplek (maksimum is 8) Jy span dus uit in jou kampvoertuig of tentjie onder die maan & sterre, op 'jou stukkie' van die staanplek. Kromrivier het ook 'n pragtige nuwe moderne inligtingslokaal met 'n restaurant: daar is ontbyt & ligte maaltye beskikbaar. Élke Suid-Afrikaner moét in sy of haar leeftyd, 'in die Sederberge kom.

6. Dagstappe

6.1 Saterdag 12 Januarie 2019. Strandstap: Paardevlei > Strand & terug ... (met tyd vir swem)

Bespreek by Fay Pistorius: 021 854 5959 (saans) / 078 370 2269 (saans) óf by: faypistorius@gmail.com

Ryafstand	22 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R44.00
Stapafstand	± 9 km	Toegangsgeld	Geen

Gradering	1A	Stapleier	Fay Pistorius
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

"We'll walk around Paardevlei, to admire the bird life. Then down the section of beach that has recently been opened to the public from the Lourens River Mouth to the fence at Denel, our turn around point. From here we walk to the main swimming area in front of the change rooms. We will stop here for those who want to experience one of the best swimming beaches in the Cape. After that, we return via Triggerfish - part of the Paardevlei development. At Triggerfish one can buy something to eat and/or drink. The walk back to our cars, takes us past Cheetah Outreach. Those who haven't visited Cheetah Outreach might like to do it before going home. **Remember sunscreen, a hat & extra money!"**

6.2 Saterdag 19 Januarie 2019. Kromrivier by Du Toitskloof (Paarl)

Hierdie is 'n permitstap.
Bespreek vóór 19 Desember by Frederik Stapelberg: 084 490 7960 óf by fstapelberg@geoscience.org.za

Ryafstand	60 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R120.00
Stapafstand	9 km	Toegangsgeld	**R50.00 óf geldige Wildcard**
Gradering	2B	Stapleier	Frederik Stapelberg
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap al met die oewer van die Kromrivier langs totdat ons ons skynbaar vasloop teen 'n rotsmuur. Dan klim ons langs die bruisende waters op tot by 'n asemrowende 100 meter hoë waterval wat na benede stort in 'n allemintige swempoel. Neem dus swemklere saam. In hierdie pragtige omgewing is die disas en nuwejaarslelies hierdie tyd van die jaar in volle blom!
(Voornemende stappers wat hulle bespreking vóór 19 Desember doen, sal verseker wees van plekke. Laatkommers, besprekings ná 19 Desember, is nie noodwendig verseker van plekke nie. Laatkommers, wat dus nie geakkommodeer kan word in die permit nie, se deposito's sal te gelegener tyd terugbetaal word)

6.3 Saterdag 26 Januarie 2019. Wolwekloof (Franschhoek)

Hierdie is 'n permitstap met kostes, maar onbeperkte getalle. Bespreek asb. vóór of op Donderdag 24/01/19 by Willie Huggett: 021 876 2490 / 083 453 9191 óf huggett@netactive.co.za

Ryafstand	30 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R60-00
Stapafstand	9 km	Toegangsgeld	**R50-00**
Gradering	2B	Stapleier	Willie Huggett
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Rustige stap oor die rotse en verby baie poele in die rivier op tot by 'n pragtige waterval. 'n Luilekker swem-stap, maar **nié vir persone wat nie regkom met "bolder hopping" nie**.
Bring asb. 'n stapstok, swemklere, sonbrandmiddel, sonbril & sonhoed saam.

6.4 Saterdag 2 Februarie 2019. Bobbejaansrivier, Bainskloof (Wellington)

Bespreek asb. vóór of op 24 Januarie by Delene Pretorius: 084 654 3888 (saans) óf e-pos dp2@sun.ac.za
Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone. Sluit asb. jou Wildcard nr, by die boodskap in; indien jy nié een het nie, moet die R50-00 in die klubrekening inbetaal word. E-pos asb. bewys aan Delene & Klaus (tesourier)

Ryafstand	60 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R120.00
Stapafstand	± 8 km	Permitkoste	**R50 óf geldige Wildcard**
Gradering	2B	Stapleier	Delene Pretorius
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap vanaf die Eerste Tol deur pragtige fynbos al in die kloof in, op tot waar die water oor die waterval na benede stort. Die hele tyd verlustig ons, ons aan die berge wat om ons vou en kan ons lafenis soek teen die somerhitte in die heerlike waterpoele.
Bring asb. swemklere, sonbrandmiddel, sonbril & sonhoed saam.

6.5 Saterdag 9 Februarie 2019. "Amfibiese" Palmietrivier Stap (Kogelberg Natuurreservaat, Kleinmond)

Bespreek asb. by Louise van der Merwe by 021 880 1875 (na-ure) / 082 492 4293 (na-ure)

Ryafstand	85 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R170.00
Stapafstand Swemafstand	± 5 km ± 5 km	Permitkoste	**R50 óf geldige Wildcard**
Gradering	2B	Stapleier	Louise van der Merwe
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap vanaf die Kogelberg reservaat se kantoor vir ongeveer 5 km teen die Palmietrivier op tot by die "strandjie" net voor die aansluiting van die Louwsrivier by die Palmietrivier. Nou is my uitdaging aan jou om rivierlangs terug te keer. Jy en jou rugsak moet gereed wees om waterlangs terug te swem/klouter na die motors. Kom ons kyk of ons dit kan regkry? HEELPAD TERUG rivierlangs! **Bring asb. swemklere, sonbrandmiddel, sonbril & sonhoed saam. Sorg dat jy dit wat jy wel droog wil hou, waterdig verpak.**

6.6 Saterdag 16 Februarie 2019. Tafelberg: Constantianek – 'Aquaduct', Disa Stap

Bespreek asb. vóór Vrydagaand by Annerè van Pletsen: 072 245 1417 óf by annere@cpcqualicare.co.za

Ryafstand	55 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R110-00
Stapafstand	16 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3B	Stapleier	Jaap van Wyk
Aanmeldtyd	**06:00** (Vanaf Stb)	Vertrektyd	**06:15**

LET ASB. OP VROEËR VERTREKTYD. Ons stap **07:00** van Constantianek af, tot bo-op die plato. Ons stap dan al met die rand van die berg langs tot by die ou Watervoor.(Aquaduct) Hier verkyk ons, ons aan die pragtige disas voor-dat ons met die kloof afstap tot by die damme en dan verder met die sementpad af, tot by Constantianek. Kom kyk saam na hierdie besonderse blommetjies wat nét in die Wes-Kaap voorkom: hoog in die berge en áltyd met hul 'voetjies' in die water. Ook die embleem op die WP-rugbytrui.

6.7 Saterdag 23 Februarie 2019 – Algemene Jaarvergadering

6.8 Saterdag 2 Maart 2019. Perdeberg (Kleinmond)

LET ASB. OP VROEËR VERTREKTYD

Bespreek by Magdaleen Brits 072 450 3134 óf e-pos: magdaleen@hope365.co.za

Ryafstand	85 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R170.00
Stapafstand	18 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2B/3B	Stapleier	Magdaleen Brits
Aanmeldtyd	**06:30**	Vertrektyd	**06:45**

Ons begin **08:00** by die bopunt van Vierde Straat in Kleinmond en stap dan met die kontoer langs op oor Spooknek, steil op deur die hekke tot bo by 'n volgende nek en daarna geleidelik steil op tot by Perdeberg se piek. Hier rus ons bene en verlustig ons, ons eers aan die panoramiese uitsig oor die kus en die see. Vanaf die piek stap ons 'n klein entjie terug en draai dan af om 'n wye sirkel agter-om te stap wat ons na ongeveer 4 km weer terug bring by die nek, waar ons dan weer steil berg-af stap tot by Spooknek. Vanaf Spooknek gaan ons af met Dot's Dash en oor die plato bokant Palmietrivier. Hiervandaan stap ons weer met die kontoer terug tot by Vierde Straat. So ver ons stap, verlustig ons ons aan die groot verskeidenheid fynbos langs die roete en die pragtige uitsigte.

NB: Maak asb seker jy bring genoeg water saam, want die dag kan warm word. Vir bergfikse stappers is die roete 'n 2B gradering; vir minder fikses kan die dag vermoeind wees & hul dit ervaar as 'n 3B gradering

6.9 Saterdag 9 Maart 2019. Coetzenburg roetes (Stellenbosch)

Bespreek by Klaus von Pressentin: 082 689 8102 (saans) óf klausvp51@gmail.com

Ryafstand	Geen	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	Geen

Stapafstand	± 10 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2A	Stapleier	Klaus von Pressentin
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15
Ons ontmoet by die parkeerarea agter die Coetzenburg sentrum, by Maties gimnasium & die Biokinetika gebou. Dit is 'n maklike stap. Ons stap vanaf Coetzenburg op die laer kontoere van Stellenboschberg in 'n sirkelroete en geniet die uitsigte oor die dorp en die skiereiland van die Kaap.			

6.10 Saterdag 16 Maart 2019. Fortsnek (Franschhoek-omgewing)

Bespreek by Willie Huggett: 021 876 2490 / 083 453 9191 of by: huggett@netactive.co.za

Ryafstand	30 x 2 km	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R60
Stapafstand	± 14 km	Toegangsgeld	**R50**
Gradering	3B	Stapleier	Willie Huggett
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15
Hierdie pad is taamlik toegegroei en begin by dieselfde plek as die Bergriviernek stap, maar gaan in die rigting van die Theewaterskloofdam. Ons 'bundu bash' 'n bietjie al langs 'n stroompie totdat ons 'n goeie paadjie bereik tot op Forts-nek **(Willie sal ons hier met interessante geskiedenis toelig oor dié Engelse fort …)** Pragtige uitsigte oor die dam en mooie Franschhoek begroet stappers hier. **Dit is 'n redelike ent se stap en fiksheid is belangrik.**			

6.11 21 – 24 Maart 2019. Langnaweekstap: Tuinroete stappe (Tuis by Brenton-on-Sea) Sien ook 5.1

6.12 Saterdag 30 Maart 2019. Botmaskop & res van die Jonkershoekberg ... (Stellenbosch)

Bespreek by Klaus von Pressentin: 082 689 8102 (saans) óf klausvp51@gmail.com

Ryafstand	10 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R20.00
Stapafstand	± 14 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3B	Stapleier	Klaus von Pressentin
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15
Die stap begin by Rozendal & ons volg vandaar die pad tot op die kruin van Botmaskop (914m). Hier verlustig ons, ons eers aan die pragtige uitsig oor Stellenbosch & die vlaktes tot by Tafelberg in die verte. Dan stap ons op die rug van die berg langs na Jonkershoek & geniet die pragtige uitsigte oor die Banghoekvallei aan die een kant en die Jonkershoekvallei aan die anderkant. **Fiksheid is noodsaaklik vir hierdie stap.**			

6.13 5 – 7 April 2019. Naweekstap: Zoo Ridge (Suidelike Sederberge) Sien ook 5.2

6.14 Saterdag 13 April 2019. Fernkloof Natuurreservaat (Hermanus)

Bespreek asb. vóór Vrydagaand by Annerè van Pletsen: 072 245 1417 óf by annere@cpcqualicare.co.za

Ryafstand	100 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R200.00
Stapafstand	± 10 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2A	Stapleier	Hans Knoetze
Aanmeldtyd	6:45	Vertrektyd	7:00
LET ASB. OP VROEËR VERTREKTYD. Ons stap in die pragtige Fernkloof-natuurreservaat en loop deur die mooiste fynbos. **Die roete sal aangepas word na gelang van die dag se weersomstandighede.** Bring asb. 'n ekstra geldjie vir iets te drinke by een van die mooi kafees daar naby.			

6.15 19 – 21 April 2019. Paasnaweek: Sentrale Sederberge (kamp) Sien ook 5.3

6.16 Saterdag 27 April 2019. Vryheidsdag op Koopmanskloof (Stap & sosiale kuier met worsbroodjies)

Bespreek asb. reeds teen Woensdag, 24 April by:

Annerè van Pletsen: 072 245 1417 óf by annere@cpcqualicare.co.za (aankope van rolletjies & wors moet gedoen word)

Ryafstand	18 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R36.00
Stapafstand	Wisselend	Toegangsgeld	Geen
Gradering	1A/2A	Stapleier	Annerè van Pletsen
Aanmeldtyd	**07:45**	Vertrektyd	**08:00 (vanaf vertrekpunt in Stb)**

Stappers kom **08:30** op Koopmanskloof se werf byeen. Ons stap dan met die voetpaadjie op teen die Bottelaryheuwels tot by die Berghut met pragtige uitsigte van 360ª. Diegene wat dieselfde roete terug verkies, maak so. Stappers wat dalk 'n langer ompad verkies, stap dan die langer roete. Ons kom later almal bymekaar vir 'n heerlike & gesellige laat onbyt-happie: worsbroodjies met koue vrugtesap (of wyn). Die klub sal verantwoordelik wees vir die eet- & drinkgoed vir die lekker saamkuier op dié vakansiedag.

6.17 Saterdag 4 Mei 2019. Kultuurstap in die Bo-Kaap … (Kaapstad)

Bespreek asb. by Mina Redelinghuys: 083 225 8188 (saans) óf e-pos mina.redelinghuys@gmail.com

Ryafstand	55 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R110
Stapafstand	± 6 km	Toegangsgeld	Bring 'n geldjie vir die museum en 'n ligte ete
Gradering	2A	Stapleier	Mina Redelinghuys
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons parkeer ons motors in Oranjestraat aan die bo-punt van die Tuine. Dan stap ons af in die Kompagnies tuine tot die bo-punt van Adderleystraat. Vandaar stap ons in Waalstraat op na die Bo-Kaap. Daar sal ons ons verlustig in die kleur-ryke wonings, die geskiedenis en gewoontes van die Maleiers. Ons sal die 'Atlas Spice Trading Centre' besoek, asook die interessante Bo-Kaap museum en meer uitvind oor die Maleise kultuur. Ons kan moontlik 'n moskee besoek (vrou-ens kan net 'n serpie/ doekie saambring om hul kop te bedek en 'n hoed is aanvaarbaar vir mans). Bring 'n geldjie saam om iets te nuttig by die 'Biesmiellah Cape Malay Restaurant. Vandaar stap ons weer terug na ons motors.

6.18 Saterdag 11 Mei 2019. Skeleton Gorge na 'Maclear's Beacon' & af met kabelkar (Tafelberg)

Bespreek by Delene Pretorius: 084 654 3888 (saans) óf e-pos: dp2@sun.ac.za nie later nie as Donderdag 9 Mei sodat vervoerreëlings tussen die sweefspoorstasie en Kirstenbosch getref kan word.

Ryafstand	55 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R110.00
Stapafstand	± 6 – 7 ure	Toegangsgeld	**Kirstenbosch toegang: R70.00) + Kabelkar Volwassene: R190 óf Senior Burger (SA ID 60 JR+) R50**
Gradering	3B	Stapleier	Delene Pretorius
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Toegangshek by Kirstenbosch: Stap deur die tuin om die roete te kry: Skeleton Gorge is 'n gewilde roete na die Agtertafel, aangesien stappers in die skadu v/d beboste kloof bly. Die roete volg Smutspad na die kontoer pad en loop dan steil opdraand aan die linkerkant v/d ravyn. Daar is lere wat stappers op 'n paar steil, rotsagtige plekke help. Die kloof maak bokant hierdie roete oop & kom op die Agtertafel uit. Hier draai stappers na regs vir 'Maclear's Beacon' (die hoogste punt op Tafelberg: 1,085 m) Van hier volg die roete die paadjie na die 'Boonste Sweefspoorstasie' om met kabelkar na onder te beweeg. **Jy moet verkieslik fiks wees om hierdie stap aan te pak.**

6.19 Saterdag 18 Mei 2019. Welvanpas Staproete (Wellington)

Bespreek by Chris Denner: 082 578 4176 / Estelle Denner: 083 442 6965 óf e-pos: Chris.denner@gmail.com

Ryafstand	55 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstof	R110.00
Stapafstand	± 7.5 km	Toegangsgeld	**R40.00**
Gradering	2B	Stapleier	Chris Denner
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Een van die oudste familieplase wat deur die Retiefs besit en geboer word, oor 11 geslagte, en reeds meer as 305 jaar lank in die familie. Die stap is ongeveer 7.5 km lank en ons stap al langs ‘n rivier, deur ‘n woud met name (Popular forest, Fairy Forest and Fern Forest) asook van die boorde. Vanaf die "kruin" kan daar uitgekyk word oor die pragtige wingerde, asook Groenberg, Sneeukop en Hawekwa berge in die laatherfs in die mooie Wamakersvallei.

6.20 Saterdag 25 Mei 2019. Swartboskloof (Jonkershoek Natuurreservaat, Stb.)

Bespreek by: Cynthia Slattery: 021 882 9442, 072 246 1902 óf by: slathome@sun.ac.za

Ryafstand	Geen	Voorgestelde bydrae tot brandstof	R10 (in reservaat)
Stapafstand	± 11 km	Toegangsgeld	**R50.00 óf geldige ‘Wild Card’**
Gradering	3A	Stapleier	Cynthia Slattery
Aanmeldtyd	**07:45**	Vertrektyd	**08:00**

Stappers kry mekaar by die hek van die Jonkershoek Natuurreservaat. Ons vertrek vandaar na die parkeerarea by die beginpunt van die staproete. Ons stap teen die pragtige Swartboskloof op tot by die uitsigpunt, langs Pic Sans Nom, vanwaar ons ‘n ongelooflike uitsig kry oor die Hottentots Holland-kom. Ons kom met dieselfde pad weer terug. Hierdie is ‘n op- & af-roete & **beginners moét spesifiek fiks genoeg wees om ten minste vir 2 ure teen ‘n helling te klim. [Hierdie is die ideale stap vir stappers wat wil vorder van ‘n 2B- na ‘n 3A-gradering]**

6.21 Saterdag 1 Junie 2019. Diagonaal op & Kasteelpoort af ... (Tafelberg)

Bespreek by Alet Louw: 021 461 1649 / 073 689 5752 óf by: alettamail@gmail.com

Ryafstand	55 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstof	R110.00
Stapafstand	± 9 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3C	Stapleier	Alet Louw
Aanmeldtyd	07:30	Vertrektyd	07:45

Die beginpunt is in Theresalaan (oor Kloofnek) **by die valhek (‘boom’) in Theresalaan om 08:30 ‘n Skets sal voorsien word wat aandui hoe om vanaf Kloofnek na Theresalaan te ry)**
Diagonaal is ’n dwarsstap verby drie apostels & drie klowe. Dis ’n prágtige stap, **plek-plek ‘n bietjie blootgestel** & eindig in die ‘Valley of Red Gods’. Ons kom af in Kasteelpoort.

6.22 Saterdag 8 Junie 2019. Swartkop na Smitswinkelbaai (Simonstad)

Bespreek asb. by Louise van der Merwe by 021 880 1875 (na-ure) / 082 492 4293 (na-ure)

Ryafstand	70 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstof	R140.00
Stapafstand	14 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3C	Stapleier	Louise van der Merwe
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons klim teen die hang van Swartkop, wat 678 meter hoog bo Simonstad uittroon, op tot bo-op die kruin. Van hier af het ons ‘n lieflike uitsig oor land en see voordat ons deur pragtige fynbos al op die rif (met ‘n paar opdraendes en afdraendes) langs loop. Ver onder ons skuif al die skilderagtige baaitjies soos Millers' Point en Parson's Nose by ons verby tot ons bokant Smitswinkelbaai kom en vandaar daal ons teen die steil skuinste af (redelike rots-afklim) na ons motors wat ons vooraf daar sal parkeer.
Hierdie stap vereis redelike fiksheid. Daar is nie water op die berg nie; maak dus asb. seker dat jy genoeg saamdra vir ‘n dag wat tot 8 uur kan duur.

6.23 Saterdag 15 Junie 2019. Helderbergplaas: Bobbejaansgat (Somerset-Wes)

Bespreek vóór Vrydagaand by Annerè van Pletsen: 072 245 1417 / annere@cpcqualicare.co.za

Ryafstand	15 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstof	R30

Stapafstand	± 11 km (bruin roete)	Toegangsgeld	**R35 (Volwassenes)** **R25 (Seniors, bo 60 jr – SA ID)**
Gradering	2A/B	Stapleier	Annerè van Pletsen
Aanmeldtyd	07:30	Vertrektyd	07:45

Die plaas Helderberg is geleë aan die voet van die Helderberg, vroeër die Moddergatsberge, en het ’n unieke uitsig oor Valsbaai, Stellenbosch en die hele Skiereiland. Helderenberg, is vir die 1 ste keer in 1692 deur Goewerneur Simon van der Stel aan Klaas Vechtman uitgegee. Die huidige eienaar is die 5 de geslag van die Hendriksz/Obermeyer familie sedert 1843.
Ons parkeer ons voertuie op die Helderbergplaas en stap deur inheemse bos vanuit die plaas, deur wingerde en fynbos tot op die Wespiekpad aan Stellenbosch se kant. Meer as 90 soorte voëls op die roete.
Bring asb. ’n ekstra geldjie vir die teetuin.

6.24 Saterdag 22 Junie 2019. Inligting sal later deurgegee word.

6.25 Saterdag 29 Junie 2019. Inligting sal later deurgegee word.

VEILIGE & VREUGDEVOLLE stappe aan elkeen ...
Groete,
Annerè